

Toonlere

Credo Musiekteorie-opleidingsprogram

GRAAD 4

Deur S. J. Cloete

T.L.4



Kopiereg voorbehou © 1989

INHOUDSOPGAWWE

BLADSY

1.	Toonsoorttekens in die altsleutel	57
2.	Majeur toonlere	60
3.	Harmoniese mineur toonlere	61
4.	Melodiese mineur toonlere	63
5.	Chromatiese toonlere	64
6.	Eoliese modus (natuurlike mineur)	70
7.	Hoe om 'n toonsoort te bepaal	71
8.	Solfanotasië	74

Nadat jy hierdie module voltooi het, sal jy in staat wees om:

- Al die **majeur** en **mineur toonsoorttekens** in die voorgeskrewe sleutels te skryf en te herken.
- Die volgende **toonlere** met sowel as sonder toonsoortteken, opgaande en/of afgaande vanaf die tonika in die voorgeskrewe sleutels, met gebruikmaking van gegewe nootwaardes/ritmiese patrone, met halftoonaanduidings, met die omvang van een oktaaf, te skryf en te herken:
 - **Alle majeur toonlere:** C G D A E B F# C#
 F B^b E^b A^b D^b G^b C^b
 - **Alle harmoniese en melodiese mineur toonlere:**

A	E	B	F#	C#	G#	D#	A#
D	G	C	F	B ^b	E ^b	A ^b	
 - **Die Eoliese modus van:** A E B F# D G C
- Die **toonsoort** van 'n gegewe passasie in 'n majeur of mineur toonsoort **vas te stel** wat met of sonder toonsoortteken geskryf is.


Om verwarring te voorkom, verwys ons na 'n *toontrap* volgens sy tegniese naam bv. **dominant** of **5^e trap** en nie na 'n 5^e of 'n *vyfde* nie. Daar word na 'n interval as 'n 5^e verwys.

Leer die **toonsoorttekentabel** in die opsomming van hierdie module, bladsy 4. Leer ook jou **graad 3-toonleeropsomming** weer. Gaan dan voort met die volgende oefeninge:

Oef. 57/1

NOEM DIE TONIKA MAJEUR TOONSOORT VAN:


B-mineur -



Oef. 57/2


NOEM DIE VERWANTE MINEUR TOONSOORT VAN:

C # -majeur -



Oef. 57/3

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:




- 1 Watter majeure toonsoort het sewe kruise in die toonsoortteken?
- 2 Watter mineur toonsoort het drie molle in die toonsoort?

1. TOONSOORTTEKENS IN DIE ALTSLEUTEL.

Toonsoorttekens in die altsleutel is byna dieselfde as in die diskantsleutel – NET EEN TRAP LAER.


Kruise:

Molle:




Oef. 57/4

SKRYF TOONSOORTTEKENS IN DIE ALTSLEUTEL SOOS GEVRA:




1 2 3



D-majeur *G-mineur* *A-majeur*

4 5 6




F # -majeur *C b -majeur* *B b -mineur*


Oef. 57/5

SKRYF DIE TOONSOORTTEKEN VAN ELK VAN DIE VOLGENDE TOONSOORTE IN DIE ALTSLEUTEL:

1 2 3 4




D: C #: a: d:



5 6 7 8

E^b: d[♯]: A^b: f[♯]:



Oef. 58/1

SKRYF DIE MINEUR TOONSOORTTEKEN VAN ELK VAN DIE VOLGENDE TOONSOORTTEKENS:

1 2 3 4


5 6 7 8

Oef. 58/2

SKRYF TWEE TOONSOORTE VIR ELK VAN DIE VOLGENDE TOONSOORTTEKENS:

1 2 3 4

5 6 7 8




Oef. 58/3


DIE VOLGENDE TRAPPE KOM VOOR IN MAJEUR TOONSOORTE. SKRYF DIE TOONSOORTTEKEN VAN ELKEEN IN DIE OOP SPASIE:

1 2

Leinoot

Subdominant





Oef. 59/1

DIE VOLGENDE TRAPPE KOM VOOR IN MINEUR TOONSOORTE. SKRYF DIE TOONSOORTTEKEN VAN ELKEEN IN DIE OOP SPASIE:

1 2

Leinoot

Mediant


3 4

Subdominant

Supertonika

Oef. 59/2

NOEM DIE LEINOOT VAN ELK VAN DIE VOLGENDE TOONSOORTE:




Onthou: Daar is 'n halftoon tussen die leinoot en die tonika.

- 1 A-majeur - -----
- 2 E^b-mineur - -----
- 3 C[#]-majeur - -----
- 4 A^b-mineur - -----

Oef. 59/3


NOEM DIE ENHARMONIESE TOONLERE VAN ELK VAN DIE VOLGENDE:

- 1 F[#]-majeur - -----
- 2 A[#]-mineur - -----
- 3 B-majeur - -----
- 4 E^b-mineur - -----



Oef. 59/4

VOLTOOI DIE VOLGENDE:




- 1 'n Toonleer word verdeel in _____ (twee / drie) **tetrachords**. In 'n majeur toonleer bestaan die tetrachords uit _____ (toon + toon + halftoon / halftoon + toon + toon).
- 2 Die **Eoliese modus** is die _____ (natuurlike mineur/ verwante mineur) toonleer. Die enigste verskil tussen die Eoliese en die harmoniese mineur toonleer is dat die _____ (6^e / 7^e) trappe verhoog word in die harmoniese mineur toonleer. Afgaande het die Eoliese toonleer dieselfde note as die _____ (harmoniese / melodiese) mineur toonleer, sowel as die verwante majeur toonleer.
- 3 Die _____ (harmoniese / melodiese) mineur word gebruik vir **melodieë** (horisontaal \longleftrightarrow).

- 4 Die _____ (harmoniese / melodiese) mineur word gebruik vir **harmonieë** (vertikaal \updownarrow)
- 5 Om 'n dubbelkruis te verlaag, gebruik ons # of _____ ($b \# / b$).

Oef. 60/1

SKRYF DIE *TEGNIËSE NAME* VAN DIE VOLGENDE TOONTRAPPE:


- | | | | |
|---|---------------------|---|-------|
| 1 | 2 ^e trap | - | _____ |
| 2 | 3 ^e trap | - | _____ |
| 3 | 6 ^e trap | - | _____ |
| 4 | 7 ^e trap | - | _____ |



Oef. 60/2

SKRYF DIE *SOLFASILLABES* VAN DIE VOLGENDE TOONTRAPPE:

- | | | | |
|---|---|---|-------|
| 1 | 1 ^e en 8 ^e trappe | - | _____ |
| 2 | 4 ^e trap | - | _____ |
| 3 | 5 ^e trap | - | _____ |



2. MAJEUR TOONLERE.

Kyk na die opsomming van hierdie module, bladsy 4(2).

Oef. 60/3


SKRYF DIE GEVRAAGDE *MAJEUR TOONLERE. BEGIN OP DIE TONIKA:*


- 1 E, op- en afgaande sonder toonsoortteken in die diskantsleutel, in heelnote.

- 2 Die toonleer waarvan die dominantakkoord D – F # - A is, opgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel, in halfnote.


- 3 F # , afgaande in die altsleutel met toonsoortteken, in heelnote.

- 4 Die toonleer met twee kruise, op- en afgaande met toonsoortteken in die G-sleutel, in heelnote.


5 F, opgaande in die altsleutel sonder toonsoortteken, in afsonderlike agstenote. 




6 Die toonleer met vier molle, opgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel, in kwartnote.



7 C^b, op- en afgaande in die F-sleutel sonder toonsoortteken, in heelnote.



8 D^b, afgaande met toonsoortteken in die vioolsleutel, in halfnote.



Oef. 61/1

DIE VOLGENDE HALFTONE KOM VOOR TUSSEN DIE MEDIANT EN SUBDOMINANT VAN MAJEUR TOONLERE. SKRYF DIE KORREKTE MAJEUR TOONLERE OPGAANDE, SONDER TOONSOORTTEKENS IN HEELNOTE:


1



2




3. **HARMONIESE MINEUR TOONLERE.**


Kyk na die opsomming van hierdie module, bladsy 4(2). 

Oef. 61/2


SKRYF DIE GEVRAAGDE HARMONIESE MINEUR TOONLERE. BEGIN OP DIE TONIKA:

1 Die toonleer waarvan die verwante majeure een kruis het, opgaande met toonsoortteken in die C-sleutel, in heelnote.







2 F #, op-en afgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel, in kwartnote.




3 Die toonleer waarvan die leinoot F x is, op-en afgaande sonder toonsoortteken in die diskantsleutel, in halfnote.




4 Die toonleer wat verwant is aan C-majeur, op- en afgaande in die F-sleutel, in heelnote.




5 Die toonleer met een mol, afgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel, in kwartnote.




6 Die toonleer waarvan die leinoot A b is, opgaande met toonsoortteken in die C-sleutel, in halfnote.




7 Die toonleer met sewe kruise op- en afgaande, met toonsoortteken in die F-sleutel, in heelnote.




8 A b, afgaande sonder toonsoortteken in die sopraansleutel, in kwartnote.



9 Die toonleer met ses molle, opgaande met toonsoortteken in die C-sleutel. Gebruik die gegewe ritme en dui halftone aan.

6/8 



4. **MELODIESE MINEUR TOONLERE.**

Kyk na die opsomming van hierdie module, bladsy 4(2).

Let op hoe die 6e en 7e trappe in die volgende toonleer geskryf word:


A[#] melodiese mineur. of x₁




Oef. 63/1

SKRYF DIE GEVRAAGDE MELODIESE MINEUR TOONLERE. BEGIN OP DIE TONIKA:


- 1 Die toonleer wat die verwante mineur is aan E-majeur, opgaande met toonsoortteken in die bassleutel, in heelnote.




- 2 Die verwante mineur toonleer van C^b majeur, afgaande met toonsoortteken in die F-sleutel, in halfnote.




- 3 Die toonleer met vier molle, op-en afgaande met toonsoortteken in die altsleutel, in kwartnote.




- 4 A, op-en afgaande in die altsleutel, in halfnote.




- 5 A[#], op-en afgaande met toonsoorttekens in die G-sleutel, in heelnote.




- 6 F[#], op-en afgaande met toonsoortteken in die C-sleutel, in heelnote.




- 7 Die toonleer met G as subdominant, afgaande en opgaande sonder toonsoortteken in die diskantsleutel, in halfnote. (Lees die vraag aandagtig!)




- 8 G # , afgaande sonder toonsoortteken in die F-sleutel, in afsonderlike agstenote.



- 9 Die tonika-mineur toonleer van B \flat majeur, op- en afgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel, in heelnote.



- 10 Die toonleer met F $\sharp\sharp$ as leinoot, op- en afgaande met toonsoortteken in die bassleutel, in heelnote.



5. CHROMATIESE TOONLERE.

Kyk na die opsomming van hierdie module, bladsy 4(3).

In 'n chromatiese toonleer volg die note mekaar op in **half-tone**. Die afstand tussen elk van die toontrappe en die volgende een is 'n halfnoot.

Gaan na jou klavier toe en speel **elke** noot in die oktaaf van A – A of E \flat - E \flat ens. (speel wit en swart note). Dit is chromatiese toonlere.

Komponiste gebruik chromatiese note of passasies om die komposisie mee in te **kleur** en te **verryk**. Chromaties beteken “gekleur”. Sulke note maak die musiek **gevoelvoller** en **interessanter**. Gewoonlik gebruik komponiste 'n aantal chromatiese note in hulle musiek, maar wanneer hulle baie sulke note gebruik, word die toonsoort vaag. Ons noem hierdie soort musiek "atonaal".

Daar word van jou verwag om 'n chromatiese passasie te **herken**. Royal Schools-lerlinge moet ook chromatiese toonlere kan **skryf**.

'n **Chromatiese passasie** is 'n deel van 'n stuk wat op of af beweeg in half-tone. Daar mag selfs meer as een noot op elke trap van die chromatiese toonleer wees.

VOORBEELD: *chromatiese passasie*



Kyk altyd na die sleutel- en toonsoortteken! Party van die skuiftekens is alreeds daar.


Oef. 64/1

PLAAS 'N HAKIE OOR DIE CHROMATIESE PASSASIE IN DIE VOLGENDE VOORBEELD:




Oef. 65/1

DIE VOLGENDE TOONLEER IS D-CHROMATIES IN KWARTNOTE. KOPIEER DIT OP DIE ONDERSTE NOTEBAK:



Oef. 65/2

KOPIEER DIE VOLGENDE CHROMATIESE TOONLEER IN E^b OP DIE ONDERSTE NOTEBAK:



Oef. 65/3

DIE VOLGENDE CHROMATIESE PASSASIES BEWEEG IN DIESELFDE RIGTING (PARALLELE BEWEGING). HERHAAL DIE PASSASIES IN DIE LEË MATE:

1



2



Oef. 65/4

DIE VOLGENDE CHROMATIESE OSTINATI BEWEEG IN TEENOORGESTELDE RIGTING (WEG VAN MEKAAR EN DAN NA MEKAAR TOE). SKRYF NOG TWEE HERHALINGS VAN ELK:

1



2



Hoe om 'n chromatiese toonleer te skryf.

Let wel: Alleenlik Royal Schools-leerders moet hierdie gedeelte doen. Unisa- en Trinity-leerders mag dit oorslaan en aangaan met oef. 68/3.

'n Chromatiese toonleer kan met of sonder toonsoortteken geskryf word, op- en/of afgaande. Daar is geen halftoonaanduidings nie, omdat al die note 'n halftoon van mekaar af is.


Daar is meer as een korrekte manier om 'n chromatiese toonleer te skryf. Al wat jy moet onthou, is dat daar vir elke lyn of spasie **ten minste een noot moet wees, maar nie meer as twee nie**. Die note kan wees:

- Al die note word twee keer geskryf, behalwe 1 en 5 wat enkel is.
- Al die note word twee keer geskryf, behalwe 3 en 6 wat enkel is.
- Al die note word twee keer geskryf, behalwe 3 en 7 wat enkel is.
- Al die note word twee keer geskryf, behalwe 2 en 5 wat enkel is.

Komponiste is nie baie puntenerig oor watter van hierdie vorms om te gebruik nie, maar hulle sal gewoonlik dié een kies wat, in die omstandighede, die **minste skuiftekens** gebruik.

Enige een van die volgende chromatiese toonlere, wat op A^b begin, is reg. Gewoonlik is die onveranderde 4^e en 5^e trappe ingesluit. Die 8^e trap word net **een keer** geskryf.

- Die 1^e en 5^e trappe is enkel:




- Die 3^e en 5^e trappe is enkel:



- Die 3^e en 6^e trappe is enkel:



- Die 3^e en 7^e trappe is enkel:



Oef. 66/1

VOEG SKUIFTEKENS BY DIE NOTE IN DIE VOLGENDE VOORBEELD OM DIT CHROMATIESE TOONLERE TE MAAK:

Wenk: Onthou die toonsoortteken!

1



2



3




Jy gaan nou chromatiese toonlere skryf.


Die chromatiese toonleer kan met **majeur toonsoortteken** wees in 'n majeur toonsoort, of met **mineur toonsoortteken** in 'n mineur toonsoort. Dit *klink* dieselfde in 'n majeur of mineur toonsoort.

VOORBEELD: Speel albei op jou instrument.

D chromaties met **majeur** toonsoortteken (in D-majeur).



D chromaties met **mineur** toonsoortteken (in D-mineur).



Die volgende metode is 'n eenvoudige manier om die chromatiese toonleer te skryf. Die 1^e en 5^e trappe is een keer geskryf. Dit word die **harmonies chromatiese** toonleer genoem.

METODE:

VOORBEELD: G harmonies chromaties met majeur toonsoortteken, opgaande in die G-sleutel.


Stap 1: Skryf die sleutelteken en majeur toonsoortteken.

Stap 2: Skryf elke letternaam twee keer, behalwe 1 en 5 wat net **een keer** geskryf word.



Stap 3: **Visualiseer die klawerbord** en voeg skuiftekens by waar nodig om te verseker dat die note mekaar in halftone opvolg. Hou altyd die toonsoortteken in gedagte.






Oef. 68/1

SKRYF C HARMONIES CHROMATIES OPGAANDE IN DIE BASSLEUTEL. GEBRUIK DIE GEGEWE RITME:

Oef. 68/2

SKRYF DIE VOLGENDE HARMONIES CHROMATIESE TOONLERE MET GEBRUIKMAKING VAN DIE GEGEWE RITMES:

Wenk: Jy mag dit eers rofweg in die diskantsleutel skryf en dit dan na die altsleutel transponeer.



1 Begin op die tonika van E-majeur, opgaande in die altsleutel met toonsoortteken.


2 Begin op die subdominant van B^b-majeur, afgaande in die G-sleutel met toonsoortteken.

3 Begin op die dominant van B-mineur, opgaande in die bassleutel met toonsoortteken.


In die volgende oefeninge kan **enige toonleer** gevra word. Lees die vraag aandagtig. As geen spesifieke nootwaardes gevra word nie, kan jy heelnote gebruik.

Oef. 68/3

SKRYF DIE VOLGENDE TOONLERE SOOS GEVRA:



1 E^b-majeur, opgaande in die C-sleutel sonder toonsoortteken, in halfnote.

- 2 Die melodiese mineur toonleer met twee molle, op- en afgaande sonder toonsoortteken in die altsleutel. Gebruik die gegewe nootpatroon en dui half-tone aan. 



- 3 F harmoniese mineur, op- en afgaande met toonsoortteken in die G-sleutel. Gebruik die gegewe ritmiese patroon en dui half-tone aan. Skryf die 8^e trap twee keer.



- 4 (Royal Schools-leerders alleen)
Die chromatiese toonleer in die majeur toonsoort met drie molle, opgaande in heelnote in die bassleutel. Begin op die tonika.



Oef. 69/1

VOLTOOI DIE VOLGENDE TOONLEER DEUR DIE KORREKTE NOTE ONDER DIE * BY TE VOEG. DIE TOONLEER BEGIN EN EINDIG OP DIE TONIKA. NOEM OOK DIE NAAM VAN DIE TOONLEER:

Harmoniese mineur opgaande.


* * * * * * *




Naam: _____


Oef. 69/2

DIE GEGEWENDE NOOTPATROON KOM IN 'N HARMONIESE MINEUR TOONLEER VOOR. SKRYF DIE MINEUR TOONLEER OPGAANDE, SONDER TOONSOORTTEKEN. SKRYF OOK DIE NAAM VAN DIE TOONLEER: (Let op die sleuteltekens!)




Naam: _____





Oef. 70/1

DIE GEGEWE INTERVAL VAN 'N 7^e KOM IN 'N MAJEUR TOONLEER VOOR. SKRYF DIE TOONLEER AFGAANDE, MET TOONSOORTTEKEN. SKRYF OOK DIE NAAM VAN DIE TOONLEER:



Naam:

Oef. 70/2

SKRYF DIE AFGAANDE MELODIESE MINEUR TOONLEER WAARVAN DIE GEGEWE DRIEKLANK DIE DOMINANT IS, MET TOONSOORTTEKEN. SKRYF OOK DIE NAAM VAN DIE TOONLEER:



Naam:

Oef. 70/3

SKRYF DIE ENHARMONIESE TOONLEER VAN C # -MAJEUR OPGAANDE, MET TOONSOORTTEKEN, IN DIE ALTSLEUTEL IN HALFNOTE. BENOEM DIE TOONLEER OOK:



Naam:


6. EOLIESE MODUS.

Kyk na die opsomming van hierdie module, bladsy 4(2).


Oef. 70/4

SKRYF DIE VOLGENDE NATUURLIKE MINEUR TOONLERE IN HEELNOTE:


- 1 E, op-en afgaande in die diskantsleutel, met toonsoortteken.



- 2 F # , opgaande in die altsleutel, sonder toonsoortteken.



- 3 G, afgaande in die F-sleutel, sonder toonsoortteken.



7. HOE OM 'N TOONSOORT TE BEPAAL.


Daar word van jou verwag om die toonsoort van 'n melodie te bepaal wat **met** of **sonder** toonsoortteken kan wees.

Wanneer 'n voorbeeld nie 'n toonsoortteken het nie, sal die nodige kruise of molle as skuiftekens voorkom. Die note met skuiftekens moet dan ontleed word.

Wenke om 'n toonsoort vas te stel:

- Die 7^e trap van 'n mineur toonsoort sal waarskynlik verhoog wees. Kyk uit vir 'n verhoogde noot soos 'n kruis, of 'n herstellingsteken in 'n mol-tonsoort. Dit is waarskynlik die leinoot. As die leinoot eers vasgestel is, is dit maklik om die toonsoort te kry. Die tonika is net 'n **halftoon** hoër. Hierdie voorbeeld is dus in G-mineur:

VOORBEELD:



- Daar mag **chromatiese note** wees wat nie aan die toonsoort behoort nie.
- 'n **Melodie eindig gewoonlik op die tonika**, met 'n V – I (volmaakte kadens) geïmpliseerde akkoordbasis. Die voorlaaste maat sentreer rondom die dominantakkoord en die laaste noot is gewoonlik die **tonika** self. Veronderstel die laaste noot is G. Die melodie kan dan in G-majeur of in G-mineur (tonika-mineur toonsoort) wees. As daar nie 'n toonsoortteken is wat kan help nie, is daar 'n ander baie maklike manier om te bepaal of dit die majeure of tonika-mineur toonsoort is. **Kyk na die mediant:**

- In die majeure toonsoort sal daar 'n **maj. 3^e** tussen die 1^e en 3^e trappe wees (bv. G – B).
- In die mineur toonsoort sal daar 'n **min. 3^e** tussen die 1^e en 3^e trap wees (bv. G - B^b).

- Die laaste noot **kan** 'n aanduiding van die toonsoort wees, maar dis nie altyd die geval nie. As die gegewe passasie net 'n gedeelte van 'n melodie is, is die laaste noot nie noodwendig die tonika nie, want dis waarskynlik nie die einde van die melodie is nie.
- Dis ook belangrik om te onthou dat 'n **opslag** gewoonlik die **dominantakkoord** impliseer. Die eerste sterk maatslag van die frase impliseer die **tonika-akkoord**

VOORBEELD:



- Kyk na die **Metodes om kruistoonsoorte en moltoonsoorte te bepaal** in die opsomming van hierdie module op bladsy 4(4).
- As 'n melodie in 'n mineur toonsoort is, sal dit die **melodiese mineur** wees en nie die harmoniese mineur nie, omdat die harmoniese mineur die moeilik singbare interval van

'n vergrote 2^e tussen die 6^e en 7^e trappe het. Opgaande is die melodiese mineur se 6^e en 7^e trappe albei verhoog. Afgaande is nie een van hulle verhoog nie.

VOORBEELD in C-mineur:



- Soms is die melodie in 'n mineur toonsoort, maar die opgaande verhoogde 6^e en 7^e trappe ontbreek. Die afgaande 6^e en 7^e is wel teenwoordig. In so 'n geval, mag dit lyk na die **verwante majeur** toonsoort, omdat die *afgaande* melodiese mineur en die verwante majeur toonsoort presies dieselfde note gebruik.

Daarom moet jy altyd na die **eerste** en **laaste** note ook kyk. Besluit watter akkoorde deur die eerste note van die melodie geïmpliseer word. Hou ook die laaste kadens V – I in gedagte.

VOORBEELD:




Die molle teenwoordig is: B^b E^b A^b D^b G^b en C^b.

Dit lyk na G^b-majeur omdat al die molle tot by die laaste een teenwoordig is, maar dit is nie.


Dit is **E^b-mineur** - Die melodie eindig op E^b.

- Die voorlaaste maatslag impliseer V in E^b-mineur (B^b – D – F).
- Die melodie begin met 'n opslag wat V - i: impliseer:



- Die enigste leinoot in hierdie passasie is die afgaande D^b wat nie verhoog is nie omdat dit 'n afgaande passasie is.

- Wanneer die **naam** van 'n mineur **toonleer** geskryf word, is dit belangrik om “*harmoniese mineur*” of “*melodiese mineur*” te skryf.
- Wanneer die **toonsoort** van 'n mineur **melodie** geskryf word, word net “*mineur*” geskryf (bv. C-mineur). Dit word as vanselfsprekend aangeneem dat dit die melodiese vorm van die mineur is.



Oef. 73/1

NOEM DIE TOONSOORTE VAN DIE VOLGENDE PASSASIES. SKRYF DIT DAN OOR MET TOONSOORTTEKEN EN LAAT ONNODIGE SKUIFTEKEN WEG:

1 Toonsoort: _____

mf

2 Toonsoort: _____

J.S. Bach

3 Toonsoort: _____


mp *p*

Oef. 73/2

NOEM DIE TOONSOORTE VAN DIE VOLGENDE FRAGMENTE EN SKRYF DIE TOONSOORTTEKEN OP DIE ONDERSTE NOTEBAK:

1


Toonsoort: _____



2



Toonsoort: -----




Oef. 74/1

NOEM DIE TOONSOORT VAN DIE VOLGENDE PASSASIE EN SKRYF DIE TEGNIESE NAAM VAN DIE OMKRINGDE NOTE GEMERK 1 - 8:



Toonsoort: -----

- | | |
|----------|----------|
| 1. ----- | 5. ----- |
| 2. ----- | 6. ----- |
| 3. ----- | 7. ----- |
| 4. ----- | 8. ----- |



8. SOLFANOTASIE.

(Alleenlik Unisa-leerders sal eksamen skryf oor hierdie gedeelte.)

Leer die solfanotasië in die opsomming van hierdie module op bladsy 4(3):

Oef. 74/2


TRANSKRIBEER DIE VOLGENDE TWEEMAAT-FRASES VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE:

1

4	Do is C	
4	m : s d ¹ : t d ¹ : — — :	


2

4	Do is G	
4	d : r m : f — : s d ¹ : —	




3 Do is G

4 | m.s: d¹ | t.l: s | — : d¹.t | : d¹ |




4 Do is C

4 | d¹:s.l | s :m.f | m :r.m | d : — |




5 Do is G

4 | d¹ :m.f | s : d¹ | — : t | d¹ : |




6 Do is C

3 | s :—.l :s.f | m.s: d : d |




7 Do is C

4 | s.l:s.m | : d¹ | — :t.s | d¹: — |




8 Do is G

2 | s . : l . t | d¹ : — |



Oef. 75/1

TRANSKRIBEER OEF. 74/2 WEER VAN SOLFANOTASIE NA BALKNOTASIE, EERS IN D-MAJEUR EN DAN IN A-MAJEUR, F-MAJEUR, B^b-MAJEUR EN E^b-MAJEUR. GEBRUIK JOU EIE MUSIEKPAPIER.



Jy het nou die module oor **toonlere** afgehandel. Leer die **opsomming** op die volgende bladsy. Knip dit uit en bewaar dit in jou “**Opsommingslêer**”. Leer die opsomming van **musiekterme** weer. Vra jou onderwyser/-es vir die **moduletoets** oor **toonlere** wanneer jy gereed is.



*

*

*



OPSOMMING

Toonlere

Credo Musiekteorie-opleidingsprogram

GRAAD 4

Deur S. J. Cloete

Kopiereg voorbehou © 1989

T.L.4

TOONSOORTTEKENTABEL:

‘n Toonsoortteken verhoog of verlaag **al** die aangeduide note in ‘n stuk, in **alle** oktawe.

Kruis-toonsoorte:

C majeur	G majeur	D majeur	A majeur	E majeur	B majeur	F# majeur	C# majeur
a mineur	e mineur	b mineur	f# mineur	c# mineur	g# mineur	d# mineur	a# mineur
Leinoot: G#	D#	A#	E#	B#	F##	C##	G##

Mol-toonsoorte:


C majeur	F majeur	Bb majeur	Eb majeur	Ab majeur	Db majeur	Gb majeur	Cb majeur
a mineur	d mineur	g mineur	c mineur	f mineur	bb mineur	eb mineur	ab mineur
Leinoot: G#	C#	F#	Bb	Eb	Ab	Db	Gb

- **KRUISE** = "Father Charl Goes **Down** And Ends **Battle**"
Die laaste kruis is die **leinoot** van die **majeur** toonsoort.
- **MOLLE** = "Battle Ends And **Down** Goes Charl's **Father**"
Die laaste mol is die **subdominant** van die **majeur** toonsoort.



4(2)

KWINTSIRKEL:



TOONLERE:

- **Majeur toonlere:**

Halftone 3 - 4 , 7 - 8 / 8 - 7 , 4 - 3

- **Eoliese modus:**

Halftone: 2 - 3 , 5 - 6 / 6 - 5 , 3 - 2

Dit is die **natuurlike mineur toonleer**. Die note is dieselfde as die **verwante majeure** toonleer, bv. die Eoliese toonleer van D begin en eindig op D en het B^b.

Die enigste verskil tussen die Eoliese modus en die harmoniese mineur toonleer is dat die 7^e trap in die harmoniese mineur verhoog is.

- **Harmoniese mineur toonlere:**

Halftone 2 - 3 , 5 - 6 , 7 - 8 / 8 - 7 , 6 - 5 , 3 - 2

Die 7^e is op- en afgaande **verhoog**. Die toonleer word gebruik vir **harmonieë** (vertikaal \updownarrow). Die **vergroete 2^e** tussen 6 - 7 is moeilik om te sing en daarom is die toonleer nie geskik vir melodieë nie.

- **Melodiese mineur toonlere:**

Halftone 2 - 3 , 7 - 8 / 6 - 5 , 3 - 2

Die 6^e en 7^e is **opgaande verhoog en albei afgaande verlaag**. Die word gebruik vir **melodieë** (horisontaal \leftrightarrow). Daar is **nie** 'n groot sprong tussen enige trappe nie, wat die toonleer vloeiend maak en maklik om te sing.

Wanneer die **afgaande** melodiese mineur toonleer geskryf word, word net die note van die **toonsoortteken** gebruik, soos by die natuurlike mineur toonleer.

Om 'n dubbelkruis te verlaag, gebruik # of $\sharp\sharp$.



4(3)

- **Chromatiese toonlere:**

Die note volg mekaar op in **half-tone**. Komponiste gebruik chromatiese passasies om die musiek te verryk.

Skryf elke noot ten minste een keer, maar nie meer as twee keer nie. In die *harmonies chromatiese toonleer* word al die note twee keer geskryf, behalwe die 1^e en 5^e wat enkel is. By ander vorme mag die 3^e en 6^e enkel wees, of die 3^e en 7^e, ens. Chromatiese toonlere kan met **majeur toonsoortteken** (in 'n majeur toonsoort) wees, of met **mineur toonsoortteken** (in 'n mineur toonsoort).

SOLFANOTASIE:

Balknotasie:



Solfasillabes:

do re mi fa so la ti do

Afkorting:

d r m f s l t d¹ of d²

Toonhoogte en toonsoort aanduidings:

Die toonsoorte van C-, G-, D-, A-, F- B^b- en E^b-majeurs word vereis.

VOORBEELD:

Do is C

$\frac{3}{4}$ | d : r : m | f : s : — |



Maatslae:







- Note:

		<i>Solfanotasie:</i>	<i>Balknotasie:</i>
	1 maatslag	$\frac{2}{4}$ d : d	
	2 maatslae	$\frac{2}{4}$ d : —	
	2 maatslae	$\frac{2}{4}$ d : d — : d	
	3 maatslae	$\frac{3}{4}$ d : — : —	
	$\frac{1}{2}$ maatslag	$\frac{2}{4}$ d . d : d . d	
	$1\frac{1}{2}$ maatslag	$\frac{2}{4}$ d ¹ : — . s l . t : d ¹	



4(4)

- Rustekens word met *leë spasies* aangedui.

	<i>Solfanotasie:</i>	<i>Balknotasie</i>
	2/4 s : d ¹ :	
	3/4 d ¹ : l : t d ¹ : :	
	2/4 m. : r . d . :	

VASSTELLING VAN 'N TOONSOORT:

Wenke:

- Die **eerste sterk maatslag** van die eerste frase impliseer gewoonlik die **tonika-akkoord**. 'n Opslag impliseer gewoonlik die **dominantakkoord**.
- Daar mag **chromatiese note** wees, wat nie aan die toonsoort behoort nie.
- 'n Melodie **eindig** gewoonlik op die **tonika** en die voorafgaande maat sentreer rondom die **dominant** akkoord.
- 'n Passasie mag dalk **nie** op die tonika eindig nie.
- 'n Skuifteken is net tot die **einde van die maat** geldig.
- Kyk uit vir 'n **verhoogde 7^e trap**, of vir 'n **verhoogde 6^e en 7^e opgaande en verlaag afgaande**.
- 'n Toonsoortteken kan 'n majeur **of** mineur toonsoort aandui.
- 'n Melodie is in 'n *melodiese* mineur toonsoort en nie in 'n harmoniese mineur nie.

Metodes om kruistoonsoorte en moltoonsoorte te bepaal:

- **Kruis-toonsoorte:**

Noem die kruise **in volgorde** tot by die laaste kruis wat voorkom. Die laaste kruis is die:

LEINOOT VAN DIE MAJEUR TOONSOORT	LEINOOT VAN DIE MINEUR TOONSOORT
as al die kruise tot by die laaste kruis teenwoordig is.	as sommige van die kruise afwesig is.

- **Mol-toonsoorte:**

Noem die molle **in volgorde** tot by die laaste mol wat voorkom. Die laaste mol is die:

SUBDOMINANT (4 ^e trap) VAN DIE MAJEUR TOONSOORT	SUBMEDIANT (6 ^e trap) VAN DIE MINEUR TOONSOORT
as al die molle tot by die laaste een teenwoordig is.	as sommige van die molle afwesig is.

* * *